Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Patricia van Niekerk**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Patricia.VanNiekerk@westerncape.gov.za | 021 467 2171

Lêerno.: 27/9
Verwysing: 20240415-3138

Inrigtingsontwikkeling-en-koördineringsminuut: 0003/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

**Onderwerp: Verandering van datum vir bekendmaking van uitkoms van toelatingsaansoeke van 29 Mei 2024 na 30 Mei 2024**

1. In Omsendbrief 0037/2023 (Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skole se toelatingsinligting vir 2024/25), gedateer 19 Desember 2023, word 29 Mei 2024 as die datum aangedui waarop ouers van die uitkoms van hul aansoeke by skole in kennis gestel sal word.

2. Aangesien die president 29 Mei 2024 afgekondig het as die datum waarop die algemene nasionale en provinsiale verkiesings sal plaasvind, en dit gevolglik as 'n openbare vakansiedag verklaar het, sal die datum vir die bekendmaking van die uitkoms van toelatingsaansoeke van 29 Mei 2024 na 30 Mei 2024 verander.

3. Alle navrae ten opsigte van toelatings kan gerig word aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder in elke distrik.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** A MEYER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING- EN KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2024-04-15